Afrikaner-kultuur pragtig, sê Mandela

Van Ons Korrespondent

JOHANNESBURG. – Die Afrikanervolk het 'n mooi geskiedenis waaruit baie lesse geleer kan word. Die Afrikaner het ook vir sy vryheid geveg, en die wyse waarop hy dit gedoen het, het respek afgedwing.

Só het die ANC-leier mnr. Nelson Mandela eergister in 'n onderhoud by sy huis aan Die Burger gesê.

Hy het onder meer gesê hy het in die gevangenis gereeld Die Burger gelees.

Volgens mnr. Mandela het die politieke stelsel in Suid-Afrika swartmense verhinder om die Afrikaanse kultuur te bewonder. Hy het egter geen twyfel nie dat baie swart Suid-Afrikaners graag in die Afrikaner-kultuur sal wil deel as die politieke probleme in die land eers opgelos is.

"Die Afrikaner het 'n waardevolle bydrae tot Suid-Afrika gemaak. Afrikaans het waardevolle literatuur aan Suid-Afrika gelewer. Baie Afrikaners, soos prof. Chris Barnard en Dalene Matthee (die skrywer), het ook in die internasionale gemeenskap erkenning verwerf.



MNR. MANDELA

" 'n Mens kan Suid-Afrika nie volledig verstaan as jy nie toegang tot Afrikaans het nie."

Mnr. Mandela het gesê voordat hy gevangenis toe gestuur is, kon hy nie Afrikaans praat nie. Hy wou egter graag die taal bemeester en het in die gevangenis kursusse in Afrikaans van standerd ses tot Matriek bestudeer en geslaag.

"Ek is dus in 'n posisie om 'n uitspraak te doen oor die waarde van die Afrikaner-kultuur. En ek dink dit is 'n pragtige kultuur en 'n mooi geskiedenis waaruit ons lesse kan leer. Die Afrikaner-kultuur is deel van Suid-Afrika en kan die land verryk."

Hy het die boeke van verskeie Afrikaanse skrywers in die gevangenis gelees en veral van Dalene Matthee se boeke gehou. Hy het ook die rolprent *Kringe in 'n Bos* in die gevangenis gesien.

Ander Afrikaanse kunstenaars wat hy bewonder, is die rolprentmaker Jamie Uys en die dramaturg Pieter-Dirk Uys. Hy het van Jamie Uys se rolprente in die gevangenis baie geniet.

Maar dit is Pieter-Dirk Uys vir wie hy 'n sagte plekkie het. "Hy is 'n doring," het mnr. Mandela op Afrikaans gesê. Uys se draakstekery met die Mandela-gesin het hom nie gepla nie, "want dit is baie simpatiek gedoen".

In die begin van die onderhoud het Die Burger gevra of mnr. Mandela bereid is om die onderhoud in Afrikaans te voer.

Hy het toe op suiwer

DALENE MATTHEE

Afrikaans gesê: "Kyk, my Afrikaans is baie swak, en my uitspraak is nog swakker. Ek is baie skaam en sku om Afrikaans te praat."

Hy vertel dat hy in die gevangenis 'n keer 'n "pragtige toespraak" op Afrikaans voorberei het. Hy het die toespraak toe aan 'n vriend voorgelees om sy reaksie te toets.

Volgens mnr. Mandela het die vriend egter gesê: "Jong, jou uitspraak klink soos dié van 'n tokkelossie." Mnr. Mandela het toe besluit om die toespraak in Engels te verander.

In 'n persoonlike boodskap aan Afrikaners het mnr. Mandela gesê hy wil 'n beroep op alle Afrikaners doen om pres. F.W. de Klerk te steun.

"Hy is van 'n nuwe geslag. Hy is die eerste Afrikaner-leier wat die moed en die eerlikheid het om die probleme van die land realisties aan te pak.

"Ons het begrip vir sy probleme. En sover dit ons in die ANC betref, sal ons alles binne ons vermoë doen om probleme só te hanteer dat dit nie sy eie probleme sal vererger nie.

"Ons wil nie hê hy moet geloofwaardigheid onder sy eie mense verloor nie, maar ons het natuurlik eise om te keer dat die land op 'n ramp afstuur. Ons meen hy is die man met wie ons kan saamwerk om die doel te bereik."

Hy het gesê die ANC is nie bereid om te onderhandel oor 'n "wit tuisland" nie.

"Dit is buite die kwessie. Die Nasionale Party het, nadat hy dit baie jare probeer het, ook tot die slotsom gekom dat dit nie kan slaag nie."